

Towerlantern Fotografie
fotografienuus
januarie 2019



"Die veld sing!"

Lensopening: f5; Sluiterspoed: 1/30 sekonde; Fokale lengte: 100 mm

Ons is pas in die nuwe jaar met Kersfees reeds verder verby. Maar moenie dat die Kersboodskap sommer so verbygaan nie.

Laat ons dus verby kameralig en al die Kersliggies kyk en steeds die ware Lig van Jesus Christus raaksien. Lukas 2:32 stel dit so: "’n Lig tot verligting van die nasies...". Mag 2019 dus in hierdie LIG ’n baie voorspoedige en geseënde jaar vir jou/julle wees. Sing as’t ware saam met die lewe jou lied, soos in die foto.

Ons beplan – steeds met *deo volente* in gedagte – ’n verskeidenheid dinge vir 2019: Daar is die bekende sake: kursusse, uitstappies en maandelikse uitgawes van *Fotografienuus*. Dan is daar ook nuwe sake. En die belangrikste hiervan is dat ons vanjaar in die Potchefstroomse museum ons jaarlikse foto-uitstalling gaan hê.

Gaan dus voort en lees meer in hierdie uitgawe. Stuur gerus ook nuusbrokkies, advertensies en ander nuuswaardighede vir ons.

Johan

voorbladfoto


Die fotograaf Richard Avedon het op 'n keer gesê: *"All photographs are accurate. None of them is the truth."*

Laat hierdie opmerking jou skeef opkyk? Het jy nog altyd gedink jou foto's is die werklikheid, en slegs die werklikheid? Meer nog: Het jy gedink jy mag nie aan 'n foto toring nie? Jy mag nie 'n foto van links na regs omkeer om die komposisie te verbeter nie?

Wel – hier is 'n groot verrassing vir jou. Geen foto weerspieël die presiese werklikheid nie! Die feit dat die werklikheid driedimensioneel is en 'n foto tweedimensioneel, sê dit al klaar. Avedon is dus tog reg.

Maar daar kan ook nog verder gegaan word met die saak. Die voorbladfoto toon werklik 'n niewerklikheid (en vir die wete, dit is nie per rekenaar gemanipuleer nie, behalwe om die lig en kontras effens te verander). Ek sou jou die posisie kon gaan wys waar ek die foto geneem het (wel, ongeveer) en jy sal die foto-toneel nie vind nie.

Om dus te redeneer oor die werklikheid van 'n foto, gaan ons nêrens bring nie. Gebruik dus eerder jou kamera se vermoë om skeppend te wees en neem na hartelus niewerklike, selfs surrealistiese, foto's. Jy gaan verstom staan oor wat jy kan regkry en hoe jou fototegniek gaan verbeter. Ons kom nog weer terug op hierdie saak.



"Surrealistiese werklikheid"



Lensopening: f10; Sluiterspoed: 4/5 sekonde; Fokale lengte: 28 mm

"N VERANDERDE WERKLIKHEID

Ons sit ons gesprek voort oor foto's wat die werklikheid "getrou" uitbeeld en ander wat dit minder werklik uitbeeld.

Die fotograaf Ernst Haas het gesê: *"I am not interested in shooting new things – I am interested in seeing things new."*

Hier is dus een sleutel tot uitsonderlike foto's: Sien die lewe om jou NUUT. Die vraag kan ook gestel word: Wat wil jy met jou foto's wys? Wil jy maar net die tonele wat jy sien presies só vir jou vriende wys? Of wil jy die tonele voor jou nuut sien? Wil jy as't ware met nuwe skeppings kom? En natuurlik in dié proses die werklikheid verander.



As jy wel net wil wys wat jy sien, is dit in orde. Maar miskien het jy nog altyd die behoefte gevoel om iets nuuts met jou kamera te skeep. Volg dan jou kop, moenie bang wees nie, moenie die hasepad kies nie! Doen dan wat Ernst Haas sê.

Hierby is twee foto's van verskillende aard wat tonele wys wat aanvanklik met die oog gesien is, maar wat deur middel van die fotografiese proses nou nie meer die werklikheid is nie.

Het jy geweet dat die 2017 en 2018 uitgawes van Fotografienuus beskikbaar is op Towerlantern se webblad?

Kyk by <http://www.towerlantern.co.za/nuusbriewe.html>





Jy mag dalk vra: Hoe kan foto's verander word om nie meer soos die werklikheid te lyk nie? Jy mag dalk steeds dink die kamera sien tog net dit wat jy ook sien.

Ons gee dus hier enkele spesifieke riglyne (natuurlik is daar meer). Beproef dit en vra raad – as jy nie vræ vra nie, is die afleiding dat jy weet hoe, stuur dan vir ons jou foto's!

- ✓ Wenk 1: **Skep luim in jou foto's.** Doen dit deur enige een of meer van die volgende uit te voer: Gebruik 'n groot lensopening; onder- of oorbelig; speel rond met die witbalans; neem foto's teen die lig in; fotografeer sonsopkomste of sonsondergange; gebruik 'n lang sluiterspoed; neem foto's in monochroom; voeg tekstuur by. (*Fotografienuus*, Maart 2018)
- ✓ Wenk 2: **Neem weerkaatsingsfoto's.** Wend jou na 'n dam of spruit of rivier en soek interessante, kleurvolle weerkaatsings. Onderskei die volgende moontlike gevalle: die wateroppervlak is spieëlglad of die wateroppervlak het kabbelings (natuurlik of kunsmatig veroorsaak). (*Fotografienuus*, Mei 2018)
- ✓ Wenk 3: **Benut agterbeligting.** Die kunstige gebruik van lig kan amateurs maklik intimideer. Maar onthou net weer die voordele van agterbeligting by natuurlike onderwerpe soos blomme: Die beligting is dramaties; die onderwerp staan uit; die lig laat kleure gloei; die lig dans en skitter op water en ander blink vlakke. Ook die komposisie-elemente tekstuur en vorm kan baie goed uitgebeeld word deur agterbeligting. Die foto hierbo toon een idee. (*Fotografienuus*, September 2018)

Chrismari van der Westhuizen Batt



Die tydskrif, *Platteland*, gee in sy Lente 2018-uitgawe 'n oorsig oor die werk van die Boesmanlandse fotograaf Chrismari van der Westhuizen.

Chrismari en haar gesin woon op 'n plaas ongeveer 100 km noord van Loeriesfontein in die Noord-Kaap. Waar stadsbewoners verskrik sou raak deur die ooptes en vlaktes van dié omgewing, is dit juis een van die agtergronddoeke waarop sy met haar kamera skilder. Hul plaaswerf en huisomgewing gee verdere moontlikhede vir besondere foto's. Die foto bo getuig van die wonderlike ooptes.



Kyk verder ook na haar werke by <https://www.facebook.com/chrismari.vanderwesthuizen> en oortuig jouself daarvan dat die Karoo, Boesmanland, Namakwaland, waar ookal in ons mooi land, nie deurgejaag moet word nie. Onthou, jou kamera is beide jou pallet en verfkwas – besef dit en benut dit.

Chrismari sê:

Elke winter trek ons al ons skape van die Boesmanland af na ons plaas in die winterreënvalstreek naby Loeriesfontein. Dit is omtrent 'n optog. Party jare as dit goed gereën het, word die skape aan-gejaag. Dit is net meer as 100 km en ons slaap sommer langs die pad. Die laaste klompie jare was dit baie droog en al die skape word dan met 'n vragmotor na die ander plase aangery. Heel laaste trek ons. Al die diere gaan saam. Die duiwe, hase, perd en koei. Die kat en die honde. As almal flou gehardloop is agter die ganse aan en die laaste een op hok is, ontdek iemand nog 'n kapok wat iewers staan en skrop. My pa het eendag gesê ons is Noag een voor, want hy het nêrens geles dat Noag visse in sy ark gehad het nie. – *Platteland*, Lente 2018, bladsye 50 en 51.



FOTO

oefening

Lig!

Om lig raak te sien (en meer nog, om dit te fotografeer) kan aanvanklik baie vreemd klink. Dis soos om te sê: Sien die lug! Daarom is dit belangrik om jouself in te oefen om lig raak te sien. Doen dus die volgende stapgewyse (fiksheids?) oefeninge om jou bedrewe te maak in die fotografering van lig:

- ✓ **Stap 1:** Stel vir jouself vir die eerste week die opdrag om elke dag lig raak te sien. Maak notas deur hoogstens een trefwoord per dag te gebruik; byvoorbeeld, maanligtoneel, weerlig, waterweerkaatsings. Dus: net 7 woorde.
- ✓ **Stap 2:** Stel vir jouself vir 'n tweede week die taak om elke dag 'n rowwe skets te maak van lig; byvoorbeeld agterbeligte grashalms (soos die voorbladfoto), sonligstrepe in 'n donker skuur, skaduwees teen mure. Dus: net 7 sketse.
- ✓ **Stap 3:** Stel vir jouself gedurende die derde week die taak om elke dag 'n foto van lig te neem. Dit hoef bloot net "eenvoudige" foto's te wees. Dus: net 7+ foto's.

Gaan dan voort en volg die lig. Sterkte daarmee. Moenie moed opgee nie. Moet ook nie sê dat jy nie genoeg tyd het nie. VYF minute per dag is voldoende. Die foto hierby gee 'n idee.



AMERIKAANSE FOTOGRAAF:

Vivian Maier

Die Amerikaanse fotograaf Vivian Maier is waarskynlik nie aan jou bekend nie. Tot met haar dood in 2009 was sy ook net onder familie en ander naby-mense bekend.

In haar lewe was Maier wel 'n bedrywige fotograaf: In haar leeftyd het sy duisende foto's geneem. Na haar dood is dit ontdek – en skielik het sy toe bekend geword. So was die eerste uitstalling van haar werke eers in 2010, die jaar na haar dood.



Lees hierdie fassinerende verhaal by https://en.wikipedia.org/wiki/Vivian_Maier en besoek ook die amptelik webwerf van haar werke by <http://www.vivianmaier.com/>.

Towerlantern Fotografie
-januarie 2019 -

TOWERLANTERN-UITSTALLING:

September 2019

'n Wonderlike geleentheid het op die pad van Towerlantern gekom. Ons kan naamlik hierdie jaar ons jaarlikse foto-uitstalling in die Potchefstroomse Openbare Museum se uitstalruimte hou. Dit sal DV gedurende September 2019 wees en sal ook die Aardklop-week insluit. Ons sal dus nuut moet dink en beplan.


Hoe raak dit jou, die potensiele uitstaller? Eerstens word jy nou reeds uitgenooi om dié uitstalling in gedagte te hou wat jou eie werk betref. Tweedens kan jy begin dink in terme van eie foto-onderwerpe. Meer spesifieke inligting sal later gegee word. Omdat jy nou reeds van die saak weet, kan jy dus al doelbewus daarvoor begin beplan – finansiëel en fotografies.

In 2012 het Towerlantern Fotografie sy eerste foto-uitstalling van fotografestudente se werke gehou by Annemarie Coetzee se Kleinbos. En sedert 2013 was dit by Jean Lampen se Blou Galery. Ons is dankbaar vir hierdie geleenthede. Iemand wat nog nie 'n uitstalling op die been gebring het nie, sal nie weet watter reusagtige werk dit is nie.

Ons beplan om jou maandeliks op hoogte te hou van die verdere reëlings. Hou dus elke maand hierdie rubriek dop.

KOMENDE FOTOGRAFIEKURSUSSE

Fotografiekursus



Ken jou kamera Volgende kursus 10 Jan – 13 Febr 2019
Navraag: Johan de Klerk – johan@towerlantern.co.za
Prys: R1400



Towerlantern se komende fotografiekursusse begin op die volgende datums:

- ✓ Eerstevlakkursus: 15 Januarie 2019
- ✓ Gevorderdevlakkursus: 20 Februarie 2019

As jy nog altyd gedink het jy wil aan 'n kursus deelneem, dan is dit nou die geleentheid om in te skryf. Ons adres is: johan@towerlantern.co.za

"You just have to live and life will give you pictures" ~ Henri Cartier Bresson

Redakteur: Johan de Klerk Bladuitleg: Fransa Vorster van Colourcode Designs

Towerlantern Fotografie
-januarie 2019-